Wat is op Sanlam iTrade se webwerf beskikbaar:

Vir volledige aanwysings hoe om ons webwerf te navigeer, gaan na www.sanlamitrade.co.za en klik op "Webblad Navigasie Demo"

Daar is 'n magdom inligting en funksies op Sanlam iTrade se webwerf onder die volgende opskrifte te vind:

A. **Markoorsig – Intydse data en inligting van oor die wêreld heen.**
B. **Koop/Verkoop – Lewendige pryse met markdiepte.**
C. **Aandeel Inligting – Omvattende inligting oor alle aandele wat op die JSE genoteer is.**
D. **Navorsing – Ekonomiese, tegniese en maatskappynavorsing.**
E. **Grafieke – 'n Omvattende grafiekfasiliteit.**
F. **My Portefeulje – Jou eie portefeulje, dophoulyste, waarskuwings en keerverliesopdragte.**
G. **Leer – Uitgebreide leersentrum en opleidingskursusse.**
H. **Kontak Ons - Kontakbesonderhede**

A. Markoorsig

- **MAPS** – Sanlam iTrade is die enigste webwerf in Suid-Afrika met **MAPS**, 'n unieke, multidimensionele hulpmiddel wat gebruikers in staat stel om onmiddellik groot hoeveelhede data te besigtig en te verstaan. **MAPS** is soos 'n satellietnavigasiestelsel vir aandele. Dit stel jou in staat om verskeie groepe aandele met een oogopslag te sien, bv. die belangrikste JSE-indekse, jou eie portefeulje en lyste van aandele wat dopgehou moet word (dophoulyste). Prysbewegings word in kleur aangetoon – skakerings van groen vir stygings en skakerings van rooi vir dalings. Sonder om deur 'n hele tabel van aandeleprysbewegings te soek, stel **MAPS** beleggers in staat om met een oogopslag die groot bewegings in die mark te sien. Gedetailleerde prysinligting en regstreekse skakels na fundamentele data en grafieke vir elke aandeel is onmiddellik beskikbaar met die klik van jou rekenaarmuis.
- **Morning Digest** – Uittreksel uit die Morning Digest wat deur Sanlam Private Beleggings se portefeuljebestuurders geskryf word plus skakels na die volledige verslag. Die Morning Digest verskaf insig in die vorige dag se aktiwiteite op die wêreldmarkte en die JSE, asook verwagtinge van die dag se markte. Dit sluit tabelle van internasionale indekse asook al die aandele in die JSE se Top-40-indeks en die indekse vir middelslag-aandele en klein aandele in.
- **Midday Wrap** – Bring jou teen die middaguur op hoogte van wat in die mark aangaan.
- **Sanlam-makelaarsnuus** – nuusbrokkies van woelinge op die JSE.
- **I-Net-nuus** – vir die jongste sakenuus van oor die wêreld heen, insluitend ekonomiese vrystellings.
- **Lewendige nuus van die JSE SENS-nuusdiens** – Alle genoteerde maatskappy is verplig om sensitiewe nuus soos finansiële resultate, handelsverklarings, maatskappyaktiwiteite en direkteursverhandelings deur die JSE se SENS-nuusdiens bekend te maak. Aangesien ons 'n lewendige SENS-

nuusdiens bied kry ons kliënte hierdie uiters belangrike inligting op dieselfde tyd as die makelaars op die JSE.

- **Opgedateerde markinligting** - (waarvan sommige deur die aandelebeurse vertraag word) van oor die wêreld heen vir:
    - JSE-indekse, insluitend intradag-grafiek van die JSE Algehele Indeks.
    - Buitelandse beurse insluitend Wall Street, Londen, Frankfurt en Tokio.
    - Die vernaamste wisselkoerse.
    - Kommoditeitspryse.
- **Veranderings in Konsensus-makelaarsvooruitskattings** – Die top-10-navorsingsmakelaars in die land se sienings (koop/hou/verkoop) van die top-100-maatskappye word verkry. Op hierdie bladsy kan die kliënt sien of die konsensus-siening verander het.
- **Wenners en Verloorders** – ‘n kitsgids tot vandag se topwenners- en verloorders en die aktiefste wat volume en waarde betref. Aparte lyste word vir aandele en opsiekontrakte (warrants) verskaf om verwarring te vermy.
- **Jongste Maatskappyresultate** – Die jongste maatskappyresultate met gedetailleerde inligting.
- **Nuwe Noterings, Dividend Verklarings en Korporatiewe Aksies** – ‘n Omvattende tabel met inligting oor dividende verklaar en toepaslike datums asook nuwe noterings, regte-uitgifte, herstrukturerings, ensovoorts.
- **Direkteursverhandelings** – ‘n Lys met die jongste verhandelings van maatskappydirekteure in die aandele van hul maatskappye.
- **Die Week Wat Kom** – ‘n Skedule van die week se ekonomiese vrystellings en maatskappyresultate van oor die wêreld heen .
- **Geselsforum** – Plek waar kliënte inligting kan uitruil en beleggings bespreek.

B. Koop/Verkoop

- **Lewendige Pryse met Markdiepte** – Weet presies wat die stand van die mark is met intydse lewendige pryse, die 5 beste kopers en verkopers met volumes, laaste 10 verhandelings en die dag se hoogte- en laagtepunte. Stel jou eie pryslimiete vas.
- **Tydsduur van Opdrag** – Slegs vandag, een week of ‘n spesifieke datum.
- **Bevestigingsbladsy** – Gaan jou opdrag na voordat jy dit versend en kry ‘n beraamde koste van die transaksie. Daar is ook ‘n waarskuwing as jou pryslimiet meer as 10% hoër of laer as die markprys is. Opdrag word geblokkeer indien daar onvoldoende aandele of fondse is. Wagwoord moet ingesleutel word om opdrag te bevestig om die kliënt teen ongemagtigde gebruik te beskerm.
- **Transaksieprosedure** – Opdragte word binne sekondes regstreeks na die JSE deurgestuur en word onmiddellik gevolg deur outomatiese bevestiging van die transaksie per SMS. Volledige makelaarsnota word die volgende dag per e-pos gestuur.
- **Opdragstatus** – Stel vas wat die status van ‘n opdrag is: in mark, in proses, voltooid.
- **Kanselleer Opdrag** – Kanselleer opdragte maklik en plaas dadelik nuwe opdragte.
- **Blitsskakels** – Regstreekse skakels na daardie aandeel se grafiek, konsensus-makelaarsvooruitskatting, aandeelinligting, SENS-nuus, ens.

- **Soek Kodes** – Vind aandele- en opsiekontrakkodes blitsvinnig.
- **Waarskuwings** – Formuleer waarskuwings wat jou per SMS of e-pos in kennis stel wanneer ‘n aandeelprys ‘n vooropgestelde vlak bereik.
- **Keerverliesopdragte** – Formuleer jou eie keerverliesopdragte om jou portefeulje teen skielike prysdalings te beskerm wanneer jy weg is.
- **Dophoulyste** – Stel jou eie dophoulyste saam van aandele om dop te hou. Pryse is met 15 minute vertraag vir iTrade-kliënte en lewendig vir iTradePro-kliënte.
- **Dophou MAPS** – Besigtig jou eie dophoulyste in ons eksklusiewe **MAPS**-formaat waar jy maklik kan sien watter aandele die meeste beweeg, op of af.
- **Transaksiegeskiedenis** – ‘n Opsomming van al die transaksies op jou rekening.
- **Oorplasing van Fondse** – Hoe om fondse na jou JSE-BDA-rekening oor te plaas.

C. Aandeel Inligting

- **Omvattende inligting is oor elke genoteerde aandeel beskikbaar.**
- **Jongste Resultate –** Bondige en gedetailleerde sienings van die jongste resultate asook kommentaar oor resultate.
- **Resultate soos Gepubliseer –** Jy kan die afgelope 10 jaar se resultate soos wat dit in die koerante gepubliseer is, in PDF-formaat aflaai.
- **Jaarverslae –** Die laaste 10 jaar se glansjaarverslae kan ook afgelaai word. Net aan te beveel indien jy breëbandinternettoegang het, want sommige lêers kan ‘n paar megagrepe groot wees.
- **Konsensus-verdienstevooruitskattings –** ‘n Meningspeiling onder die top-10-navorsingsmakelaars in die land oor hul siening van ‘n aandeel (koop, hou, verkoop) wat ook hul verdienste- en dividendvooruitskattings vir die volgende 3 jaar insluit.
- **Jongste Nuus –** Die jongste nuus oor die maatskappy.
- **Nuusargief –** ‘n Argief van nuusberigte en JSE SENS-nuus die afgelope 10 jaar.
- **Direkteursverhandelings –** Alle verhandelings van direkteure in hul maatskappye se aandele. Gelys volgens Direkteur, Maatskappy of Vorige Week, Maand, ens.
- **Feitestaat –** Diepgaande inligting oor die maatskappy insluitend: Aard van Besigheid; Kalenderinligting; Sleuteldirekteure; Groot Aandeelhouers; Kontakinligting; Statutêre Inligting, Basiese Statistieke (Verhandelingstatistieke, Gewone aandele uitgereik, Likiditeit, Volatiliteit, ens); Filiale & Beleggings; Bydrae Volgens Aktiwiteite; Handelsname; Kapitaalstruktuur; Dividende Verklaar, ens.
- **Prestasiestatistieke –** Totale opbrengs oor die laaste 10 jaar.
- **Markstatistieke –** Die vorige dag se gedetailleerde handelstatistieke.
- **Ranglyste –** Tabelle van alle aandele volgens: Markkapitalisasie, P/V-verhouding; Dividendopbrengs; Lynitem.
- **Kalendergebeure –** ‘n Kalender van korporatiewe gebeure soos Algemene Jaarvergaderings, ens.

D. Navorsing

- **Sanlam Maatskappynavorsing –** Navorsing oor genoteerde maatskappye, SimSense, Voorkeuraandele- en Eiendomsaandele-tabelle.
- **Sanlam Ekonomiese Navorsing –** Navorsing deur ekonome van SIM en die Sanlam-groep.
- **Tegniese Navorsing –** Navorsingsverslae oor tegniese ontledings.
- **Konsensus-makelaarsiening –** 'n Opsomming van die topnavorsingsmakelaars se sienings oor aandele in die Top-40-indeks en Indeks van Middelslag-aandele (Midcap 60).

E. Grafieke

- **Lyste –** Grafieke kan gesien word van:
  - Enige aandeel wat op die JSE genoteer is.
  - Enige van die JSE-indekse.
  - Enige van die belangrike wisselkoerse.
  - "Ander" sluit in: Indeks van Effekte, Australiese All Ordinaries-indeks, Bankaksepkoers, Bovespa-indeks, Brent-ru-olieprys, CAC 40-indeks, DAX-indeks, Dow Jones, Euro Stoxx 50, FTSE-100-indeks, Financial Times 30, Financial Times Gold, Hang Seng-indeks, MSCI – Verskeie Indekse, Nasdaq, Nikkei, SA-repokoers, SA-primakoers, Standard & Poor 500-indeks, Topix-indeks, Toronto-goudindeks, Toronto TSE300, Amerikaanse 10 jaar langtermyneffekte.
- **Tydperk Beskikbaar –** 5 jaar of langer, Daagliks, Weekliks, Maandeliks.
- **Bewegende Gemiddeldes –** Enkelvoudige Bewegende Gemiddelde (EBG), Geweegde Bewegende Gemiddelde (GBG), Eksponensiële Bewegende Gemiddelde (EBG) – kies self die tydperk.
- **Grafieke beskikbaar –** Daaglikse sluitingspryse (Lyngrafieke), OHLS-pryse (Staafgrafieke), Kersgrafieke.
- **Tendenslyntekene –** Vryhandlyne, Reguit lyne, Fibonacci-terugkeergrafieke.
- **Wiskundige Ontledings beskikbaar –** MACD, Stogastiese Modelle, RSI, Momentum (KVV), Momentum (MFI), DMI (DAX).
- **Ander–** Volume, Bollinger-bande, OBV, Lineêre Regressie, Totale Opbrengs-indekswaardes, Finansiële en Dividendinligting.
- **Skale -** Logskaal of Lineêre Skaal.

F. My Portefeulje

- **Amptelike BDA-rekening –** Jou BDA-rekening word oornag met die JSE gerekonsilieer om jou aandeelhouding aan te toon.
- **Blitsskakels** – Regstreekse skakels na die aandeel se grafieke, konsensus-makelaarsvooruitskattings, aandeelinligting, SENS-nuus, ens.
- **Opdragstatus –** Alle in-mark- en voltooide opdragte.
- **Pro forma-portefeulje –** Hierdie portefeulje word met al die dag se transaksies en in-mark-koopopdragte bygewerk en toon aan wat die portefeulje se intydse waarde op die oomblik is. Markpryse is met 15 minute vertraag vir iTrade-kliënte en lewendig vir iTradePro-kliënte.
- **Transaksiegeskiedenis en Finansiële Geskiedenis –** Transaksiegeskiedenis word apart van finansiële geskiedenis aangetoon om besigtiging te vergemaklik.

Eersgenoemde toon slegs jou koop- en verkoopstransaksies aan terwyl laasgenoemde alle finansiële inskrywings soos dividende, deposito's, onttrekkings, fooie, ens. aantoon.

- **Keerverliesopdragte** – Beskerm jou belegging teen skerp prysdalings wanneer jy uit die kantoor is deur outomatiese vooropgestelde verkoopopdragte.
- **Rekeningbesonderhede** – Besigtig en verander besonderhede soos telefoonnommers en adresse.
- **Verander Wagwoord** – Jy kan jou wagwoord op enige tydstip verander as jy vermoed dat iemand dit in die hande gekry het.

G. Leer

- **My Eerste Verhandeling –** Ons beskryf drie scenario's oor hoe om aandele te ontleed en jou eerste verhandeling te doen. Ontmoet Fritz, Tso en Matie.
- **ABC-inleiding –** Inleiding tot die ekonomie, JSE, ens.
- **Fundamentele Ontledings:**
  - Internasionale ekonomiese aanwysers en uitwerking op die JSE.
  - Plaaslike ekonomiese aanwysers en uitwerking op die JSE.
  - Evaluering met P/V-verhoudings en dividendopbrengste.
  - Fundamentele maatskappyontledings.
- **Tegniese Ontledings (Grafieke):**
  - Tendensidentifiseringspatrone:
    - Voortsettingspatrone.
    - Omkeerpatrone.
    - Korttermyn-tendensverandering-aanwysers.
  - Wiskundige Aanwysers:
    - Bewegende Gemiddeldes en MACD.
    - RSI en Stogastiese Modelle.
    - DMI.
- **Modelportefeuljes:** Inligting oor Sanlam Private Beleggings (SPB) se Modelportefeuljes.
- **Opsiekontrakte:** Verduideliking van Opsiekontrakte (Warrants).
- **Opsiekontrakte: Interaktiewe Inligting:** Interaktiewe verduideliking van Opsiekontrakte in "Flash" geprogrameer.
- **Meer oor Aandeelpaaiemente:** Hoe Aandeelpaaiemente werk.
- **Turbo-aandeelpaaiemente:** Wat is Turbo-aandeelpaaiemente.
- **Meer oor Termynkontrakte:** Alles oor Termynkontrakte en Enkelaandeel-termynkontrakte (SSF).
- **Woordelys:** Woordelys van terme wat op die JSE gebruik word.
- **Beleggerskursusse:** Datums en Inligting oor Praktiese Beleggerskursusse.

H. Kontak Ons

Ons adres en kontakbesonderhede vir Tegniese of Administratiewe navrae en Sanlam iTrade se hoofkantoor.

Dit alles vir slegs R57 p.m. of R114 vir onbeperkte lewendige pryse. iView kliënte kry toegang tot die hele

webblad vir R200 per jaar, maar kan net skynhandel transaksies doen.